

Sondag 23 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 40:1 –
41:3

Fokusgedeelte: Jeremia 40:4
(1933/53-vertaling)

Carpe diem

Ons sê soms: As die geleentheid kom, moet jy dit gryp! Op 'n manier bevind Jeremia hom in kettings saam met die ballinge op pad Babel toe. Dit is sy kans om die armoede en ellende van die agtergeblewenes in Juda te ontsnap. In Babel sou hy waarskynlik gemaklik kon leef! Deur God se beskikking is Nebukadnesar immers goedgesind teenoor Jeremia. Nou is dit sy kans om 'n slag aan homself te dink! Carpe diem - gryp die geleentheid aan!

Maar Jeremia kies anders. Hy kies die armoede en swaarkry. Hy kies om te dien waar God hom nodig het. Hy stel God se belang voorop. Sommer gou word sy dienste broodnodig as die nuut aangestelde goewerneur in Juda vermoor word en die Jode by Mispa herderloos en radeloos rondskarrel. Dan word Jeremia hulle wegwyser na God toe.

Ons leef in 'n postmoderne tyd waarin mense neig om keuses te maak wat alleen tot hulle eie voordeel strek. Christus leer ons egter dat 'n ware dissipel van Hom dien, soos Hy gekom het om te dien. Matteus 20:27-28: "En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie". In 'n huwelik waarin twee mense mekaar dien, staan Christus aan die hoof. In 'n gesin waar die gesinslede mekaar dien, is die Heilige Gees die leermeester wat hulle leer van regverdigheid, liefde, geduld en vergifnis.

Die kerk is daarom ook nie 'n plek om bedien te word nie, maar om te dien. Petrus spoor ons aan in 1 Petrus 4:10. Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

As jy in jou besluite kies om te dien, het jy goed gekies.

Sing: Psalm 32-1:5

Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)